# ONS BEHOORT AAN DIE HERE: HY IS DIE SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE EN HET VIR ONS BLYPLEK GEMAAK

## 1. <u>Die aarde was nie sommer net reg om in die bly nie</u>

Kom ons lees Genesis 1:1 saam!

"[1]*In die begin het God die hemel en die aarde geskep.* [2] *Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters maar die Gees van God het op die waters gesweef*."

Die aarde was nie sommer van die begin af ŉ goeie blyplek vir mense nie. Die Bybel sê aan die begin was dit onbewoonbaar. Dit beteken mense kon nie in die begin op die aarde gebly het nie. Die Bybelwoord "onbewoonbaar" beteken "woes en leeg".

Die aarde was eers ŉ baie woeste en leë plek.

Ons weet vandag dit is baie waar. In die begin was die aarde bedek met giftige gasse wat mense sal doodmaak. Dit was omdat daar baie vuurspuwende berge was wat al die giftige gasse in die lug in gespuit het. Daarom was daar aan die begin van die aarde niks lewe nie. Daar was nie gras nie, nie blomme nie, nie diere nie, nie voëltjies nie – niks nie! Hierdie giftige gasse was ŉ donker wolk wat oor die hele aarde gehang het.

Dit was woes en leeg, onbewoonbaar.

## 2. <u>God was besig om Sy plan uit te werk terwyl dit woes en leeg was</u>

Kyk wat sê die Bybel oor die Here terwyl alles so woes en leeg was: "*die Gees van God het oor die waters gesweef*". Dit beteken terwyl alles so woes en leeg was, was die Here die hele tyd daar besig, al het dit so woes en leeg gelyk.

Wie van julle het al gesien hoe lyk dit as iemand ŉ nuwe huis bou of ŉ nuwe gebou bou?

Dit is verskriklik deurmekaar!

Hulle grou gate in die grond en gooi die grond op hope. Hulle span toue en kap ysters in die grond. Op party plekke maak hulle sement aan en orals lê klippe en sand en orals loop water soos hulle die sement aanmaak. Orals lê goed rond: bakstene, houtplanke, sinkplate en ysterrame.

Dit is hoe dit woes en leeg is. Daar is nie ŉ mooi tuin met mooi plante nie, daar is nie mammas met kinders nie. Daar is nie honde of katte nie. Net ŉ geraas en

alles wat so deurmekaar en besig is. Woes en leeg! Onbewoonbaar: niemand kan daar bly nie.

Maar terwyl alles so woes en leeg lyk, is daar iemand wat die hele tyd daar tussen al die deurmekaarheid rondloop en na alles kyk.

Wie is dit? Dit is die bouer! Hy loop met die planne van die huis in sy hand en vir hom is niks deurmekaar nie. Alles loop net soos hy dit beplan het! Terwyl alles deurmekaar is, weet hy alleen hoe die huis gaan lyk. Hy sien al hoe mooi gaan alles wees terwyl ander mense nog net sien hoe woes en leeg dit is.

Dit is wat die Bybel vir ons wys: God se Gees was besig om alles wat woes en leeg gelyk het, te bestuur om Sy aarde reg te maak vir alles wat Hy beplan het.

Die vuurspuwende berge, die giftige gasse en die donkerte was alles hoe God besig was om te bou aan die aarde wat Hy al gesien het toe alles nog so woes en leeg gelyk het.

**3. <u>God se plan was om woonplek vir mense gereed te kry</u>**

Wat was God se plan terwyl Hy so besig was met die woeste en leë aarde?

Kom ons lees Genesis 1 vers 27 en 28: *"[27] God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. [28] Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit.*"

Dit is waarmee die Here besig was. Hy was besig om alles gereed te kry sodat Hy mense kan maak en hulle op die aarde kan bly.

Dit is net soos met ŉ pa! Hy besluit om ŉ huis te bou en begin dan. Hy loop orals op die bouterrein rond en kyk na alles wat so woes en deurmekaar is. Terwyl hy so kyk dat alles reg loop, het hy net een groot plan in sy gemoed – hy is besig om ŉ huis te bou waarin sy kinders lekker en veilig kan bly.

Dit was God se plan terwyl Hy so met die woeste en leë aarde besig was. Hy was besig om ŉ aarde te maak vir die mense wat Hy gaan maak. Hy was besig om ŉ mooi, goeie en lekker blyplek vir mense te maak waar hulle gelukkig kan leef en bly.

**4. <u>God is die Skepper van hemel en aarde</u>**

Wat noem ons God omdat Hy vir ons ŉ plek gemaak het om in te kan bly?

Kom ons kyk weer na vers 1: "*In die begin het God die hemel en die aarde geskep*".

Die Here het die hemel en die aarde geskep. Hierdie woord is baie belangrik – skep.

Om te skep is amper so iets soos om iets te maak. Ons maak huise, motors, plase, rekenaars, brood, kos, en so voorts. As ons iets maak dan gebruik ons altyd iets anders. Ons maak huise van stene en hout; ons maak motors van yster en plastiek; ons maak rekenaars van koper en plastiek; ons maak brood van meel en water.

Skep is ook om iets te maak, maar op ŉ ander manier. Die Here maak die aarde en die hemel uit niks uit nie. Eers is daar is niks nie. Dan maak God deur Sy krag en mag die hemel en aarde uit niks uit nie.

Dit is nie so dat daar eers grond, water en lug was en toe vat God grond, water en lug en maak die hemel en die aarde nie. Hy het alles: grond, water en lug, uit niks gemaak. Hy het dit nie gaan koop of eers gaan bestel soos ons dinge eers moet koop of bestel van iewers af nie.

Hy maak alles uit niks. Daarom noem ons die Here – **die Skepper**.

| **Die Here is ons Skepper: Hy het die hemel en aarde uit niks gemaak sodat ons ŉ blyplek kan hê.** |
|---|

**5. <u>Ons probeer dit verstaan: die groot knal</u>**

Weet julle hoe het die plek waar julle huis nou staan gelyk voor julle huis gebou is? Nee, want ons was mos nie daar nie! Kan ons bietjie raai? Natuurlik! As ons kyk hoe die huis nou lyk dan kan ons so ŉ bietjie raai. Partykeer sal ons verkeerd raai en partykeer sal ons reg raai. Dan kan ons vir onsself verbeel hoe het dit gelyk.

So kan ons ook raai hoe was dit toe die Here alles uit niks gemaak het nie. Een raaiskoot is die "groot knal". Die slim mense wat altyd na die sterre kyk, het al gesien dat al die groot sterregroepe wat die Here gemaak het, besig is om van mekaar weg te beweeg. Dit wys vir hulle alles het uit een groot knal begin. Alles beweeg van een punt af weg. Dit is net soos ŉ klip wat jy in die water gooi. Dit maak golwe in sirkels wat al hoe verder wegbeweeg van waar die klip die eerste golwe begin maak het. Dit lyk asof die Here ook so alles uit niks gemaak het. Hoe, weet niemand nie, maar die hemel en aarde wys ons op hierdie manier God het alles uit niks gemaak.

**6. <u>Ons het ŉ blyplek! Die Here het hom vir ons gemaak!</u>**

Wat is die belangrikste: om te weet hoe was dit voor julle huis gebou was of om ŉ huis te hê waarin ŉ mens lekker kan bly? Net so dink ons oor hoe die Here alles gemaak het, maar die belangrikste is dat ons weet ons het ŉ blyplek. Ons

het ’n planeet – die aarde tussen al die ander planete en al die ander sonnestelsels. Hierdie een was net so woes en leeg soos al die ander, maar God het hom vir ons ’n blyplek gemaak. Die Here is die Skepper van die hemel en die aarde – ons blyplek.

**7. Opdrag**

Gaan vra vir Pa, Ma, Oupa of Ouma of hulle al in ’n huis gebly het wat hulle gesien het hoe is dit gebou, en vra hulle hoe was dit!

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

______________________________

Handtekening: ouer of voog